

Titel: Deel Jou Vissies
Pastoor: Phillip Boshoff
Datum: 7 Junie 2009
Tyd: 09:00



Realiteit van die beloofde land

Numeri 13:27-28

²⁷En hulle het hom vertel en gesê: Ons het gekom in die land waarheen u ons gestuur het; en waarlik, dit loop oor van melk en heuning, en dít is sy vrugte. ²⁸Maar die volk wat in die land woon, is sterk, en die stede is versterk en baie groot; en ons het daar ook die kinders van die Enakiete gesien.

'n Besondere wonderwerk

Markus 6:35-44

³⁵En toe dit reeds laat geword het, kom sy dissipels na Hom en sê: Die plek is verlate en dit is reeds laat. ³⁶Stuur hulle weg, sodat hulle na die buitewyke en dorpe rondom kan gaan om brood vir hulleself te koop, want hulle het niks om te eet nie. ³⁷Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Gee julle aan hulle iets om te eet. En hulle sê vir Hom: Moet ons gaan en vir twee honderd pennings brood koop en aan hulle gee om te eet? ³⁸En Hy sê vir hulle: Hoeveel brode het julle? Gaan kyk. En toe hulle dit te wete gekom het, sê hulle: Vyf, en twee visse. ³⁹En Hy het hulle beveel om almal klompies-klompies op die groen gras te laat sit. ⁴⁰En hulle het gaan sit in groepe van honderd en van vyftig. ⁴¹Hy neem toe die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel en dank; en Hy breek die brode en gee dit aan sy dissipels om dit aan hulle voor te sit. Ook die twee visse het Hy onder almal verdeel. ⁴²En almal het geëet en versadig geword; ⁴³en hulle het van die brokstukke twaalf mandjies vol opgetel, en van die visse. ⁴⁴En die wat van die brood geëet het, was omtrent vyf duisend manne.

Gee eerder

Handelinge 20:35

³⁵Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbeid die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang.

Handelinge 20:35 (NV)

...Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang.

1. Ek sien die behoefte
2. Ek gaan na God
3. God sê: "Doen jy iets"
4. Ek soek 'n verskoning / rede hoekom ek niks kan doen nie
5. God vra: "Wat het jy? / Wat kan jy doen?"
6. God vra ons om die onmoontlike te doen met die bietjie wat ons het - geloof
7. God neem oor
8. Daar is oorvloed

1 Korinthiërs 11:23-26

²³Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; ²⁴en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. ²⁵Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. ²⁶Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.